# Indiërs wil kom belê in SA klerebedryf

## Toegang tot EU, VSA lok maatskappye

**Jana Marais,** Johannesburg

Samewerking tussen Indiese en Suid-Afrikaanse klere- en tekstielvervaardigers kan beleggers hierheen lok en help om werkgeleenthede in die plaaslike bedryf te skep en te behou.

Mnr. Vikram Doraiswami, Indiese konsul-generaal in Johannesburg, het aan *Sake24* gesê daar is heelwat potensiaal om betrekkinge op dié gebied te verstewig, veral omdat Suid-Afrika baie gunstige marktoegang tot die VSA en Europa geniet wat klere- en tekstieluitvoer betref.

Die Suid-Afrikaanse bedryf word die afgelope jare gekenmerk deur tienduisende werkverliese en fabrieke wat sluit omdat plaaslike vervaardigers nie kan meeding met vervaardigers uit Asië, waaronder Indië en China, nie.

Die voorkeurtoegang tot die Europese Unie en die VSA, die grootste klere-invoerder ter wêreld, kan as 'n bemarkingsinstrument gebruik word om beleggings in die bedryf te lok. Suid-Afrika geniet tariefvrye marktoegang tot die VSA vir sekere klere- en tekstielprodukte as deel van die Amerikaanse wet op groei en geleenthede in Afrika (Agoa).

'n Afvaardiging van 52 Indiese klere- en tekstielmaatskappye is dié week in Suid-Afrika om hul produkte aan kleinhandelaars en ander rolspelers in die bedryf te bemark. Suid-Afrika word beskou as 'n uitvoermark met aansienlike potensiaal. Indiese groepe hou tans minder as 4% van die markaandeel vir totale klere- en tekstielinvoer deur Suid-Afrika.

Hoewel hy stadigaan markaandeel wen – invoer uit Indië het verlede jaar met 3% gestyg ondanks 'n afname van 5,3% in Suid-Afrika se totale invoer – is daar nog heelwat ruimte vir verbetering. Indië het in die vroeë 2000's 'n markaandeel van sowat 15% van Suid-Afrikaanse invoer gehad, wys statistieke wat deur die Indiese afvaardiging verskaf is.

Die Indiese maatskappye is ook op soek na geleenthede om gesamentlike ondernemings met Suid-Afrikaanse vervaardigers te vestig, onder meer om die plaaslike kleinhandelbedryf te bedien.

Die Indiese maatskappye hou vandag en môre 'n uitstalling in die Kaapse Internasionale Konferensiesentrum. Meer as 500 bedryfsrolpelers is al geregistreer.

Meer as 660 bedryfsrolspelers het die uitstalling vroeër in die week in Johannesburg bygewoon.

Veral Edgars het groot belangstelling getoon om bande met Indiese verskaffers te bou om sy afhanklikheid van Chinese invoer te diversifiseer, het 'n woordvoerder namens die Indiese afvaardiging gesê.




**Mnr. Rolando Dolosa meng roer-ys met 'n handmenger. Hy verkoop dit vir P5 (sowat 74c) per koppie in Quezonstad in die Filippyne. Dolosa sê verkope styg gedurende die warm somermaande en hy verdien P500 (sowat R81,62) per dag uit sy mengsel van fyn ys, suiker, voedselkleursel, poeiermelk en sjokoladestroop.** Foto: AARON FAVILA, AP

## Etanol-jel dalk gou gewilder

Die publisering van 'n standaard (SANS448) vir etanol-jel sal na verwagting die gebruik van dié alternatiewe huishoudelike energiebron – veral in informele nedersettings – bevorder.

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) het onlangs die standaard gepubliseer om minimum standaarde neer te lê vir etanol-jel, wat as alternatief vir paraffien as huishoudelike brandstof in arm gebiede aangemoedig word.

Paraffienstofies wat omval het al tot verwoestende brande en sterftes in informele nedersettings gelei.

Die jel-vorm van etanol-jel beteken dat 'n brand nie versprei as 'n houer met etanol-jel sou omval nie. As biobrandstof is etanol boonop 'n hernieubare energiebron omdat dit van mielies, suikerriet, suikerbeet of ander plantmateriaal geproduseer kan word.

Verlede jaar is 550 miljoen liter paraffien in Suid-Afrika verkoop wat deur nagenoeg 2 miljoen huishoudings as energiebron vir kook en verhitting gebruik is.

Dr. Phillip Lloyd, 'n tegniese spesialis wat gehelp het met die opstel van die standaard, sê dit skryf minimum standaarde vir energie-inhoud, verpakking, en die gehalte van die jel-middel voor. **– Francois Williams**

## BMW SA gou voor tribunaal

BMW Suid-Afrika verskyn volgende week voor die Mededingingstribunaal nadat een van sy voormalige franchise-houers oor prysvasstelling gekla het.

Die Mededingingskommissie het die klag van Bryanston Motorcycle ondersoek en die saak na die tribunaal verwys.

Volgens 'n verklaring is nog 12 ander partye by die saak betrokke, maar die kommissie vra net vir 'n bevel teen BMW en sy kleinhandelaar BMW Lifestyle.

Die ander partye is franchisehandelaars of voormalige franchise-handelaars van BMW.

Die kommissie het bevind dat BMW die herverkoopprys van sy produkte vasgestel het.

Die produkte wat ter sprake is, is BMW-onderdele en motorfietse in Suid-Afrika.

Handelaars is verbied om afslag aan klante te bied en is gemonitor om te sien wie wyk van die voorskrifte af. Dié wat afgewyk het, is met sanksies gedreig.

## Sakekamers

■ Die komitee van die sakevroueverenigi ng (BWA) van Durban bied môre 'n werksessie oor beplanning in die BWA se kantoor in Manor Gardens aan.

Op Dinsdag 16 Maart bied die BWA 'n aand met die tema "Do you believe South Africa is awesome?" aan. Me. Derryn Campbell, stigterslid van Awesome SA, is die spreker. Dit word gehou in CellC se gebou in Umhlanga Ridge in Torsvale-singel.

Kontak me. Catherine Smith by ☎ 031 261 8668 of stuur 'n e-pos na dbn@bwasa.co.za vir meer inligting.

■ Die Suid-Afrikaanse Besigheidsgilde bied op Woensdag 17 en Donderdag 18 Maart werksessies aan oor bemarking, finansies, regskwessies, die skryf van 'n sakeplan en die skep van 'n korporatiewe identiteit.

Dit word aangebied in die Absa-konferensiesentrum in Montana Park.

Kontak me. Marinda van der Merwe by ☎ 012 543 2066 of ☎ 072 649 8654 of marinda@besigheidsgilde.co.za of info@besigheidsgilde.co.za vir besprekings of meer inligting.

■ Die BWA van Tshwane bied op Donderdag 18 Maart 'n ope dag aan.

Kontak me. Neema Isa by ☎ 011 805 3706 of pta@bwasa.co.za vir meer inligting.

■ Die BWA van Durban bied op Donderdag 18 Maart 'n gratis Business Connections-netwerkgeleentheid in Angel Rose in Nkondaweg 2 in Umbogintwini aan.

Kontak me. Catherine Smith by ☎ 031 261 8668 of stuur 'n e-pos na dbn@bwasa.co.za vir meer inligting.

■ Die BWA van Johannesburg bied op Woensdag 24 Maart 'n middagete by die Universiteit van Johannesburg se gasvryheid-skool aan waar die Wêreldbeker-sokkertoernooi en sy ware betekenis bespreek sal word.

Kontak me. Lynne Hunt by ☎ 011 646 6865 of ☎ 084 468 8303 of gauteng@bwasa.co.za vir meer inligting.

■ Capital City Business Chamber bied op Donderdag 25 Maart 'n netwerksessie in Batterboys in Montana aan. Die spreker is mnr. Ockert Müller en hy sal praat oor die belangrike vrae wat gestel moet word voordat 'n nuwe projek aangepak word.

Kontak me. Leandre du Plessis by ☎ 087 802 1021 of leandre@ccbc.co.za vir meer inligting oor die geleentheid.

■ Die Pietermaritzburg-sakekamer bied op Donderdag 25 Maart 'n ontbyt vir voornemende lede in Chamber House op die skouterrein aan.

Kontak me. Candice Warr by ☎ 033 345 2747 of news@pcb.org.za vir meer inligting.

■ Die nasionale BWA maak op Dinsdag 30 Maart die bevindinge van sy vroue-in-leierskap-sensus bekend tydens 'n middagete in die Wanderers-klub in Ruddweg in Illovo.

Me. Noluthando Mayende Sibiya, die minister van vroue, kinders en gestremde mense, sal die spreker wees.

Kontak me. Busi Mkhabele by ☎ 011 486 3301 of info@bwasa.co.za vir besprekings of meer inligting.

■ Die BWA van Tshwane se algemene jaarvergadering word op Dinsdag 30 Maart gehou.

Kontak me. Neema Isa by ☎ 011 805 3706 of pta@bwasa.co.za vir meer inligting.

■ Ondernemings in Pietermaritzburg wat met die Nasionale Kredietreguleerder in verbinding wil tree vir opleiding oor alle aspekte rakende skuld, kan die Pietermaritzburg-sakekamer se uitvoerende hoof by ceo@pcb.org.za kontak.

■ Benoemings vir die BWA van die Durban-streek se Sakepresteerder van die Jaar-toekennings sluit op Maandag 12 April.

Kontak me. Catherine Smith by ☎ 031 261 8668 of stuur 'n e-pos na dbn@bwasa.co.za vir meer inligting.

■ *Sake24* se sakekamerdagboek is gratis en verskyn weekliks.

Inligting oor die bedrywighede van sakekamers kan ge-e-pos word na sake@sake24.com.

Waardasies | Eiendomsbestuur | Kleinhandelbestuur & Konsultasie
Kleinhandelverhurings | Fasiliteitsbestuur | Verhurings & Verkope
Beleggingskonsultasie | Ontwikkelingsbestuur | Projekbestuur
'n Ander uitkyk op eiendom
jhi
0861 JHI JHI
www.jhi.co.za

# MOKOLO EN KROKODIL
## (WES)-WATERAANVULLINGSPROJEK (MKWAP)

**MOKOLO EN KROKODIL (WES)-WATERAANVULLINGSPROJEK (MKWAP)Kennisgewing vir goedkeuring van MKWAP Fase 1 Omvangsbepalingsverslag – Verhoog die toevoer vanaf Mokolodam (DEA-verwysingsnommer 12/12/20/1465) en MKWAP-Voorgestelde Verwydering van Bottelnek op 'n bestaande pyplyn naby Lephalale (DEA-verwysingsnommer 12/12/20/1467)**

**MKWAP Fase 1 Omvangsbepalingsproses (DEA-verwysingsnommer 12/12/20/1465)**
Hierdie dien as kennisgewing dat die Departement van Omgewingsake (DEA) die MKWAP Fase 1 Omvangsbepalingsverslag goedgekeur het. 'n Gewysigde Plan van Studie vir die Omgewingsimpakbepaling (OIB) moet ingehandig word by die Departement en 'n afskrif van hierdie plan sal ingesluit word in die OIB-verslag wat beskikbaar gestel sal word vir openbare kommentaar. Die vereisde omgewingspesialisstudies en samestelling van die OIB-verslag is tans in uitvoering;

**MKWAP Verwydering van Bottelnek – Basiese Bepalingsproses (DEA-verwysingsnommer 12/12/20/1467)**
Hierdie dien as kennisgewing dat 'n positiewe Omgewingsgoedkeuring, onderworpe aan kondisies, uitgereik is deur die Departement van Omgewingsake (DEA) vir die bogenoemde projek (verwysingsnommer 12/12/20/1467) op 24 Februarie 2010. Die goedkeuring is uitgereik in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsakebestuur (Wet Nr 107 van 1998), na afhang van die uitvoering van 'n Basiese Bepalingsproses (ingevolge Regeringskennisgewing Nr 385) vir die volgende gelyste aktiwiteite gelys in die Regeringskennisgewing Nr 386: 1(k), (l), (m) en (n), 4,7,12,15, 16 en 20. In ooreenstemming met die goedkeuring is alle geregistreerde Belanghebbende en Geaffekteerde Partye in kennis gestel daarvan binne die gestipuleerde tydskaal.

'n Afskrif van die Omgewingsgoedkeuring kan verkry word vanaf Nemai Consulting (kontakbesonderhede hieronder) op versoek. DEA se redes vir hul besluit word hierby aangeheg.

**KONTAKPERSOON/KONSULTANT**
Salomon Pienaar
Nemai Consulting
Posbus 1673
Sunninghill, 2157
Tel: 011 781 1730
Faks: 011 781 1731
E-pos: salomonp@nemai.co.za

26GE4H52A/SB/TM/3'10

**DATUM VAN PUBLIEKASIE VAN KENNISGEWING**
11 Maart 2010

# PUBLIEKE KENNISGEWING

**AANSOEK VIR PROEFVRYSTELLING VAN GENETIES VERBETERDE ORGANISMES**

Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston 2021, maak hiermee bekend dat twee aansoeke ingedien is om voort te gaan met 'n veldproefvrystelling met twee geneties verbeterde mielieprodukte. Die doel van die proewe is om beskerming teen mieliestronkboorders te bevestig.

Die een geneties verbeterde mielieproduk bevat die *cry1A.105*- en *cry2Ab2*-gene en is geproduseer deur die *Agrobacterium*-gemedieerde transformasietegniek. Die *cry*-gene is van *Bacillus thuringiensis* afkomstig en kodeer vir die vervaardiging van proteïene wat beskerming teen mieliestronkboorders bied. Die ander mielieproduk bevat, bykomend tot die *cry1A.105*- en *cry2Ab2*-gene, ook die *5-enolpyruvylshikimate-3-fosfaat-sintese- (epsps-)* geen, afkomstig van *Agrobacterium* sp. *(cp4 epsps)*. Hierdie produk is ontwikkkel deur konvensionele kruisteling en bied beskerming teen mieliestronkboorders. Dit is ook verdraagsaam teen onkruiddoders wat glifosaat bevat.

Die proewe waarna in hierdie aansoeke verwys word, sal op vier lokaliteite in die Noordwes Provinsie (Christiana-distrik) en die Vrystaat Provinsie (Bethlehem- en Boshoff-distrikte) plaasvind en beslaan elk ongeveer 1 hektaar in grootte. Sekuriteitsmaatreëls sal geneem word om ongemagtigde toegang tot die proefterreine te verhoed. Die proewe sal in ooreenstemming met die permitvoorwaardes uitgevoer word, met spesifieke verwysing na die isolasiemetodes om stuifmeelverspreiding na ander mielies te verhoed. Die proewe sal na voltooiing volgens die permitvoorwaardes vernietig word. Gewasse soos sonneblom, koring, katoen en moontlik mielies kan in die onmiddellike omgewing rondom die proewe verbou word. In die volgende seisoen sal die proefterreine oorlê of na 'n ander gewas geroteer word. Enige opslagplante sal voor blom vernietig word.

Alle belangstellende partye moet kommentaar of besware rig aan:

**Die Registrateur**
**Geneties Veranderde Organismes**
**Privaatsak X973**
**Pretoria 0001.**
**Faks (012) 319 6329**

Alle kommentaar/besware moet binne 30 dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing ontvang word.

Uppe Marketing A03189/BL

Sukses lê in een oplossing

MONSANTO

Monsanto is 'n toonaangewende verskaffer van tegnologiegebaseerde oplossings en landbouprodukte wat plaasproduktiwiteit en voedselgehalte verbeter.

MONSANTO TEL: 011 790-8200
www.monsanto.co.za

# Faritec

Faritec Holdings Beperk (Registrasienommer 1998/004872/06)
Aandelekode: FRT ISIN: ZAE000016838 ("Faritec")

## VERDERE OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING

Aandeelhouers word verwys na die vorige omsigtigheidsaankondigings (waarvan die laaste 3 Maart 2010 gedateer was) in verband met die fondsverkryging wat deur die maatskappy onderneem word en word ingelig dat:

- Shoden Data Systems (Edms) Bpk ("Shoden") en sekere lede van die Faritec bestuurspan (die "Bestuurskonsortium") hul verbind het tot 'n bydrae van R30 miljoen nuwe ekwiteit aan die maatskappy deur die gedeeltelike onderskrywing van 'n R60 miljoen regte-aanbod, onderhewig aan 'n aantal voorwaardes;
- hierdie voorwaardes sluit in die implementering van 'n reëlingskema (ooreenkomstig gedeelte 311 van die Maatskappywet) (die "skema") tussen Faritec Enterprise Solutions (Edms) Bpk en sy krediteure, ingevolge waarvan die onderskeie klasse krediteure gevra sal word om of hul skuld te omskep na Faritec ekwiteit of om hul skuld te skik. Shoden en ander krediteure ter waarde van R25 miljoen het reeds hul bereidwilligheid aangedui om skuld in ekwiteit te omskep;
- by ontvangs van voldoende onherroeplike ondernemings vanaf krediteure om die skema te ondersteun, het Shoden en die Bestuurskonsortium ingestem om 'n onmiddellike R30 miljoen aan Faritec voor te skiet as 'n oorbruggingslening hangende die implementasie van die regte-aanbod.

Die doelwit van die skema en die regte-uitgif is om die Maatskappy se balansstaat te versterk deur die omskepping van skuld in ekwiteit en inspuiting van vars ekwiteit om die voltooiing van die Groep se herstrukturering te ondersteun. Indien die skema en die regte-aanbod geïmplementeer word, is die Direksie van mening dat Faritec goed geposisioneer vir 'n sterk herstel.

Die Maatskappy sal nou formeel onderhandel met krediteure om die bepalings van die skema te finaliseer. Alhoewel die implementering van 'n skema en die regte-uitgifte ongeveer 12 weke kan neem, sal dit deur onherroeplike ondernemings van krediteure te verkry om ten gunste van die skema te stem bespoedig word. Faritec verwag om binne 'n week vanaf die datum van hierdie aankondiging in 'n posisie te wees om die presiese bepalings van die skema en die ondersteuningsvlakke van krediteure bekend te maak, en aandeelhouers word aangeraai om steeds omsigtig te wees wanneer hul in hulle Faritec sekuriteite handel, totdat 'n verdere aankondiging gemaak word.

10 Maart 2010

**Borg**

JAVACAPITAL

Faritec no limits

www.faritec.com

visual IGNITION 3246 | +27 11 888 5511

# Comair Limited

**Comair Limited**
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1967/006783/06)
Aandelekode: COM ISIN: ZAE000029823
("Comair" of "die Maatskappy")

## OMSENDBRIEF MET BETREKKING TOT KENNISGEWING VAN ALGEMENE VERGADERING

**INLEIDING**

Comair het onlangs sy voorneme aangekondig om sy vliegtuigvloot gedeeltelik op te gradeer tot die volgende generasie Boeing 737-800 vliegtuig. Die beplande opgradering van die Comair-vloot sal bydra tot bedryfsdoeltreffendheid en omgewingsvolhoubaarheid. Comair was in staat om gunstige pryse met Boeing te beding vir die verkryging van nuwe generasie Boeing 737-800 vliegtuie.

Comair wil probeer om ekwiteitkapitaal van R124,517,647 te verkry deur middel van 'n afwysbare regteaanbod ("Regteaanbod"), welke kontant aangewend sal word as die aanvanklike deposito aan Boeing vir die verkryging van die nuwe vliegtuigvloot. Die saldo van die befondsing vir die nuwe vloot sal uit skuldmarkte verkry word. Die direksie van Comair ("Direkteure") verwag dat die Regteaanbod gedoen sal word teen 'n prys van 180 sent per Comair gewone aandeel ("Gewone Aandeel"), wat sal lei tot 'n uitgifte van 'n maksimum getal van 69,176,471 nuwe Gewone Aandele deur Comair, in die verhouding van 14 nuwe Gewone Aandele vir elke 100 Gewone Aandele op die vereiste datum gehou.

Om hierdie inisiatiewe voort te kan sit, stel die Direkteure voor dat, onderworpe aan die verkryging van die vereiste goedkeuring van die Comair-aandeelhouers in algemene vergadering:

– 'n verdere 69,176,471 Gewone Aandele onder die beheer van die Direkteure geplaas word ingevolge artikel 221 van die Maatskappywet vir die doeleindes van die Regteaanbod en die onderskrywingsooreenkoms; en
– die Direkteure en/of maatskappysekretaris algemene magtiging toegestaan word om die nodige dokumentasie uit te voer en/of om die nodige stappe in verband met die bogenoemde te neem,

(gesamentlik die "Gewone Besluite").

Comair-aandeelhouers word in kennis gestel dat 'n omsendbrief bevattende besonderhede van die algemene vergadering ("die Omsendbrief") op 10 Maart 2010 gepos is.

**ONDERSKRYWING**

BB Investment Company (Proprietary) Limited, 'n volfiliaal van The Bidvest Group Limited, het ingestem om die Regteaanbod ten volle te onderskryf vir 'n onderskrywingsfooi van 4% van die bedrag onderskryf. Die onderskrywingsooreenkoms is onderworpe aan sekere voorwaardes, wat normaal is vir 'n transaksie van hierdie aard. Verdere besonderhede van die onderskrywingsooreenkoms word in die Omsendbrief uiteengesit.

**ONHERROEPLIKE ONDERNEMINGS**

Die volgende aandeelhouers het onherroeplik onderneem om ten gunste van die Gewone Besluite te stem:

| Aandeelhouer | Getal Gewone Aandele | %-aandelebesit (uitgesluit 'A'-aandele) | %-aandelebesit (insluitend 'A'-aandele) |
|---|---|---|---|
| Innercreek Investments (Proprietary) Limited | 43,529,480 | 10.36 | 8.81 |
| Jetcreek Investments (Proprietary) Limited | 33,529,480 | 7.98 | 6.78 |
| BB Investment Company (Proprietary) Limited | 106,833,597 | 25.44 | 21.62 |
| **Totaal** | **183,892,557** | **43.78** | **37.21** |

**KENNISGEWING VAN ALGEMENE VERGADERING**

Kennis geskied hiermee dat 'n algemene vergadering van die Comair-aandeelhouers om 10:00 op Vrydag, 26 Maart 2010 te Comair Operations-gebou, hoek van Fortress- en Whirlwindweg, Rhodesfield, gehou gaan word met die doel om die Gewone Besluite te oorweeg en, indien goedgevind, met of sonder wysiging te aanvaar.

Verdere inligting rakende die besonderhede van die Regteaanbod sal aan die Comair-aandeelhouers gekommunikeer word sou die Gewone Besluite aanvaar word deur die vereiste meerderheid van die Comair-aandeelhouers op die algemene vergadering.

**WESENLIKE DATUMS EN TYE**

| | |
|---|---|
| Omsendbrief gepos aan Comair-aandeelhouers | Woensdag, 10 Maart 2010 |
| Laaste dag vir Comair-aandeelhouers om Volmagvorm teen 10:00 in te dien | Woensdag, 24 Maart 2010 |
| Algemene vergadering word om 10:00 gehou | Vrydag, 26 Maart 2010 |
| Uitslag van algemene vergadering word op SENS vrygestel | Vrydag, 26 Maart 2010 |
| Uitslag van algemene vergadering word in die pers gepubliseer | Maandag, 29 Maart 2010 |

**Aantekeninge:**
1. Alle tye waarna in hierdie Omsendbrief verwys word, is plaaslike tye in Suid-Afrika.
2. Enige wysiging aan die datums en tye sal deur die JSE goedgekeur en op SENS vrygestel word.

Johannesburg
10 Maart 2010

**Beleggingsbank en transaksieborg**
Investec Bank Limited
Investec Bank Limited (Registrasienommer 1969/004763/06)

**Prokureurs**
edward nathan sonnenbergs

**Borg**
RAND MERCHANT BANK
A division of FirstRand Bank Limited

ince